Tel: 021 554 1290
Faks: 086 591 5147
ngkblouberg@mweb.co.za
www.ngkbloubergstrand.co.za

NG Kerk Bloubergstrand
ABSA Tjek rek nr: 327 014 0539
Takkode: 334409
Snapscan Kode

1 April 2018

Eredienste:
08h30: Ds Thinus Britz (Joh 20)
10h00: Ds Thinus Britz (Joh 20) – Doop
18h00: Ds Elmarie Dercksen (1 Kor 1:18-31)

Kom drink saam koffie na die diens in die kerksaal.
Kom drink saam koffie na die diens in die kerk.

DEURKOLLEKTE: Midde-Ooste Sending – 22 April 2018
PREDIKANTE AFDAG: ds. Thinus en ds. Elmarie – Maandag ds. Marietjie – Vrydag

Nuwe Intrekkers: Kom sê "hallo" vir ons in die konsistorie na die diens. Indien jy nog nie jou lidmaatskap amptelik na ons verskuif het nie, voltooi gerus 'n lidmaatskapvorm (in die voorportaal)
Biduur en Gebedsversoeke: 082 451 3312 – SMS of W*hatsapp* **Selgroepe:** Marietjie Steyn 083 461 1220
Predikate eposse: Ds Thinus: thinus@ngkbloubergstrand.co.za Ds Elmarie: elmarie@ngkbloubergstrand.co.za
Ds Marietjie: marietjie@ngkbloubergstrand.co.za

"HEILDRONK OP DIE LEWE" SEMINAAR 13-14 April

Dr. Danie du Toit (wat ons 'n paar jaar gelede tydens Pinkster leer ken het) gaan 'n seminaar aanbied "Heildronk op die lewe" wat gebaseer is op Filippense. Vrydag skop af met 'n ligte ete & wyn om 18:00 en dan 'n inleiding van die kursus deur dr Danie. Saterdagoggend begin met lekker koffie & beskuit om 08:00. Koste is R200pp (verversings ingesluit). Navrae: Elana Wessels 084 454 1540 of ds Thinus 082 603 5508.

DOOP

Wouter en Karina Watermeyer doop hul baba, Kari (gebore 6 Aug 2017).
Marietjie en Adine Nell doop hul baba, Mieka-Rae (gebore 16 Nov 2017).
Baie geluk!

NUWE ECHO HUIS IN YSTERPLAAT

Echo begin binnekort 'n nuwe huis saam met Ysterplaat Gemeenskap kerk. Ons is tans besig om kamers in te rig in die kerksaal. Ons wil graag op hierdie manier 'n verskil maak in die gemeenskap. Ons is op soek na veral beddens en kaste om in die kamers te sit. As jy op enige manier kan help, kontak asb. vir Niel Steyn by 0846881080 of niel@echoyouth.co.za

SKAKEL IN BY ONS ONDERSTEUNING - VERLIES IN 'N VERHOUDING:

Jy word uitgenooi om by ons in te skakel vir 3 sessies, indien jy ervaar het dat jou liefde deur vriende, kinders, familie of lewensmaat verwerp word. Jy mag dalk moontlik voel dat jy as mens nie goed genoeg is nie. Moontlik het jy by tye al weerloos, baie kwaad, angstig, magteloos gevoel om iets hieraan te verander en selfs depressief gevoel. Om aan te beweeg is moeilik. Ons kom op Woensdae 11 April, 18 April & 25 April hier by die kerksaal vanaf 19:00 – 20:30 bymekaar. Daar gaan oor aggressie, selfvertroue en vergifnis met mekaar gesels word en saam koffie gedrink word. Ons sien daarna uit om tyd saam met jou te spandeer.
Thamar Jacobs & ds. Thinus Britz
(021 554 3268)

BMD
BLOUBERGSTRAND
MAATSKAPLIKE DIENSTE

GEMEENTE BRIEF

Ons eerste brief vir 2018 is gepos! Indien jy nog nie 'n brief per pos of e-pos ontvang het nie, skakel ons gerus om seker te maak ons het jou korrekte kontakbesonderhede. 021 554 1290 / kommunikasie@ngkbloubergstrand.co.za

GESIGGIES / JUNIOR JEUG

Dis weer hierdie tyd van die jaar! Ons samel allerhande smere in vir ons Gesiggie projek. Bring asb 'n botteltjie of blikkie Grondboontjie-botter, Fyn konfyt, Geblikte vis, Boeliebief, Nutella, Tamatiesous, Mayonaise, Milo/Warm sjokolade, Langlewe melk en eiers. Navrae: Carina Howard 082 926 6428

ENCORE TEE!

U word vriendelik uitgenooi na ons oggendtee op **Woensdag 25 April** om 10:00 vir 10:30. Ons kuier gewoonlik heerlik saam oor 'n koppie tee/koffie en heerlike eetgoed. Kontak gerus een van ons dames om te bespreek: Rentia Hesseling 082 508 9195; Linda Nel 082 461 3686; Lucille Collins 072 840 6864. Donasies is welkom! ☺

PREEKBEURTE

T – Thinus Britz E – Elmarie Dercksen M – Marietjie Steyn

	08h30	10h00	18h00	Opmerkings
08/04/2018	M	M	T	
15/04/2018	E	E	M	Jnr Jeug Grootgroep
22/04/2018	T	T	E	Deurkollekte: Midde-Ooste Sending
29/04/2018	M	M	M	
06/05/2018	T	T	E	Doop 10:00
10/05/2018	-	-	19:00 - E	Hemelvaart 19:00

MAAK ASB KOS: ECHO ETES

Elke tweede Donderdag eet die Echo gemeenskappe van Table View en Durbanville saam by die Table View Echo-huis. Ons is op soek na vrywilligers wat bereid sal wees om vir 15 mense kos te maak en af te lewer by die huis in Table View. Daar eet seker so 30 mense saam, maar hoe meer vrywilligers ons het, hoe minder hoef julle kos te maak. Ons sou julle ook finansieel kon vergoed indien nodig. As jy vrae het of wil help, kontak asb. vir Marietjie by 083 461 1220 of marietjie@ngkbloubergstrand.co.za